
www.aiche.org/ccps


Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap aan bedryfspersoneel**

Die uitgawe is geborg deur:
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Noodplanne - Die Titanic Ramp

Julie 2012





Vanjaar 15 April was dit 100 jaar sedert die passasiersskip Titanic in die noord Atlantiese oseaan gesink het, ongeveer twee en half uur nadat dit 'n ysberg getref het. Ongeveer 1 500 mense is dood in die mees beroemde seevaartramp in die geskiedenis. Duisende bladsye is geskryf oor die ramp en verskeie dokumentêre en fiktiewe films is gemaak. Baie hiervan fokus op die ontwerp van die skip en die aksies van die kaptein en bemanning. Behalwe vir die ontwerp en bedryfs-sake, is daar een ding wat baie lewens kon spaar – 'n noodplan en voorbereiding!


Daar was spesifieke gebreke in die noodplan van die Titanic:

- Nie genoeg reddingsbote vir die passasiers en die bemanning nie, waarskynlik omdat die ontwerpers gedink het die skip is onsinkbaar!
- Geen reddingsbootoefeninge nie: Baie mense het nie geweet waarheen om te gaan of wat om te doen nie.
- Verskeie van die eerste reddingsbote wat te water gelaat is was nie vol nie en die insittendes was onwillig om mense uit die yskoue water in die boot te trek omdat hulle bang was die boot val om.
- Die besluit om die boot te verlaat is uitgestel omdat die kaptein en bemanning eers wou vasstel wat die skade was. As die bevel gouer gegee was, voor mense paniekerig geword het, sou meer reddingsbote volgelaai kon word en kon die proses dalk meer ordelik verloop het.

## Wat kan jy doen?

- Chemiese aanlegte kan verskeie tipes noodoefeninge hê vir situasies soos brande, lekkasies, verspillings, skuiling-in-plek, ontruiming en buitengewone weer. Wees bewus van jou verantwoordelikhede in elke situasie – dit mag verskil.
- Wees op die uitkyk tydens 'n oefening of werklike noodsituasie vir ander wat dalk nie weet wat om te doen nie, soos mense wat vergeet het wat om te doen of nuwe werkers, besoekers of kontrakteurs. Help hulle om veilig te reageer.
- Rapporteer dadelik enige probleme wat jy gesien het tydens die oefening of noodgeval aan jou toesighouer. Byvoorbeeld – aksies waarvoor daar te min tyd was, dinge wat mens nie veilig kan doen nie as gevolg van die noodsituasie, uitgangtekens wat nie gesien kan word nie of onduidelik is, noodalarms of luidsprekers wat mens nie kan hoor nie, veiligheidstoerusting wat nie beskikbaar is nie of of nie behoorlik werk nie. Deur dit te rapporteer kan jy daardeur dalk eendag iemand se lewe red!
- Neem noodplanoefeninge ernstig op en herinner ander ook om dit te doen. Moenie die oefening sien as 'n geleentheid om vriende weer te sien en dit 'n sosiale gebeurtenis maak nie.
- As jy inligting kry oor insidente in ander aanlegte, vra jouself of daar iets is wat jy kan leer om jou aanleg veiliger te maak.
- Moenie dat jou aanleg "sink" as gevolg van 'n swak noodplan of gebrek aan kennis oor hoe om te reageer nie!





***Nie alle prosesveiligheidslesse kom uit ons industrie nie!***

AIChE © 2012. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, and Vietnamese.**